# GENERALE MISSIVE

*Nuusbrief van die Stigting VOC* ***2/23***
*Newsletter of the VOC Foundation*

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met Bewaring, Opvoeding en Kultuurtoerisme as doel. Dit is as sulks geregisteer by Stad Kaapstad, EWK en SAEHA en is die wettige eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with Conservation, Education and Cultural Tourism as its aims. It is registered with the City of Cape Town, HWC and SAHRA and is the legal owner of the historic VOC trade mark in South Africa. **Internet:** www.kaap-voc.org. **E-pos/E-mail:** vocinfo@voc-kaap.org **Skakel/Contact**: Sekr./ Secr.: mnr R. Rode, 071-622-5792, e-pos: rodecb@icloud.com . **Finansies /Finance:** mnr I. Potgieter, tel.: 082-809-7022; e-pos: ignatius@mpicfinance.co.za. **Bank**: Nedbank, Somerset-Wes. Rek.no. 1145512305. Rek. naam: 'Stigting VOC Foundation.'

*Welaen vrunden!*

**Van die Komitee**
Terwyl ons Voorsitter Alex Giardini sy M-graad studies in Maritieme Geskiedenis by die Universiteit van Leiden voort sit, neem Viljoen van Heerden as Voorsitter waar. Die komitee het reeds twee keer onder sy voorsitterskap vergader, en by twee van ons lesings het hy as voorsitter opgetree.

Vir die eerste keer moes ons 'n beplande bustoer - in samewerking met die Agulhas Erfenis Vereniging – na die Rûens en Strandveld kanseleer. Was dit oor die koste? Toe ons die toer in Maart by die AJV bekend gemaak het, was daar genoeg belangstelling om soos gewoonlik (en teen aansienlike koste) ons verkenners die hele reis vooraf te laat aflê, die eet, slaap en besienswaardighede te ondersoek, aan die Komitee daaroor verslag te doen en daarna die reklamestuk te skryf en aan ons lede te stuur. Benewens die verkenners se moeite en tyd het die beplande toer ons Stigting finansieël veel gekos. Dit sal die beste wees as ons in die toekoms van sulke toere afsien. Dit is 'n terugwaartse stap, na soveel jare van sukses.

Op 3 Junie is ons tweede kwartaalikse lesing ('*Wolraad Woltemade, die man, sy heldedaad en sy kortste dag'*) in samewerking met die FAK voor 'n groot gehoor gelewer. Die FAK het 'n video opname daarvan gemaak. Die derde kwartaallikse lesing vind op Saterdag, 2 September plaas. Die spreker is die argeoloog Marius Breytenbach, oor sy opgrawings op die werf van die gewese VOC-buitepos Vissershok.

Op 29 Junie het ons vergader met Minister A. Marais (Departement van Sport en Kultuursake) van die Wes-Kaapse Provinsiale regering, om planne te probeer beraam vir die voortgesette herdenking van Woltemade se heldedaad, en nie net elke vyftigste of honderdste jaar nie. Ons voorstelle is vriendelik en positief ontvang. 'n Versoek aan die burgemeesster van Kaapstad vir 'n soortgelyke gesprek is eers na ses maande (12 Junie) beantwoord, en ons dadelike repliek tot op hede (25 Julie), nog nie.

Natie Greeff, ons stigterslid van 1995 en eerste Tesourier, een van die pioniers wat ons Stigting gevestig en help groei het, is onwerwags op 27April 2023 in Oostenryk oorlede. Natie was jare

lank Kurator van die Militêre Museum in die Kasteel, waar hy ook ’n eersteklas biblioteek van krygsgeskiedenis ontwikkel het. Natie se kundigheid en energie was ’n sterk bydrae tot die sukses van die uitstalling wat ons in 1996 vir HM Koningin Juliana se besoek Kaapstad opgestel het. (Foto’s op ons webwerf) Merkwaardig is die feit dat Natie as redakteur van Castle Publications byna jaarliks ’n deeglike stuk Kaapse militêre geskiedenis gepubliseer het, die enigste Kaapse museum om destyds so te publiseer. Dit is ’n blywende bydrae tot Kaapse geskiedskrywing, en sekerlik Natie se monument.

Hy en sy vrou Petra was verlede September nog hier op besoek en ons het saam langs die see in Kleinmond geëet; hy was toe nog in uitstekende gesondheid. Hy laat sy vrou, twee kinders en een kleinkind in die Kaap na.



**Foto: Petra en Natie Greeff**

Ledegeld: Die Tesourier versoek dat lede wat nog nie hul ledegeld vir 2023 betaal het nie, dit asseblief spoedig doen.

**Woltemade 250**





**Foto’s: marcocultural**

Ons vriend die Kaapse geskiedenis-entoesias mnr Marco Segovia het op 1 Junie 2023 ’n krans van Kaapse veldblomme in Tafelbaai gelê, ter ere van die held Woltemade.

**Lesing Joan Kruger**



**Foto: R Rode**

Ons tweede kwartaallikse lesing vanjaar is op 22 April op voortreflike wyse deur Dr Joan Kruger gelewer, oor haar jongste boek *Wieg*, ’n biografie van die Hugenoot Marie Buisset, wat die VOC se amptelike vroedvrou in Kaapstad geword het. Benewens die hoogs interessante inhoud het die gehoor haar groot kennis waardeer en haar spontane geesdrif geniet. Met dié boek het sy ’n waardige bydrae tot ons kennis en begrip van die lewens en omstandighede van Kaapse vrouens in die sewentiende en agtiende eeue gemaak. Die boek is teen ’n spesiale prys aan aanwesiges beskikbaar gestel.

Haar optrede is deur SASNEV op video vasgelê, en kan by https://www.youtube.com/live/8wz3dyUEefI?feature=share gekyk word.


**Martin Melck 300 herdenking.**




Die nageslag van Martin Melck, een van die VOC-tyd se mees suksesvolle vryboere, herdenk vanjaar sy 300ste geboortedag. Mnr Julian Melck van Kersefontein, waar ons verlede jaar in die blomtyd op besoek was, het Stigting VOC se lede genooi na die gedenkdiens om 11:00 op Vrydag, 20 Oktober 2023 in die Lutherse kerk, Strandstraat, Kaapstad. Melck het op verskillende wyses die kerk tot stand help bring.

**Collectors' Corner, 39. Dr M. Barker**

Sale of a grave site in DR Church, Cape Town, 1735.


Kerkenraade aan Cabo de Goede Hoop.
agtervolgens hunne vergunde magt door den Edl. Heer
Commissaris Daniel Heijnsius, Heenkomende uijt
kragte van den opbouw der kerk op haar eijgen kosten
gedaan, laten in volkomen eijgendom en erflijk op aan
ende ten behoeven van den Mr. Scheepstimmerman Jelle
Jellesz: van der Schelde seeker graft in de kerk aldaar
geleegen zijnde No. 91, Lang 7 voeten en 2 dm. ende
breet 3 voeten en 2 dm. ende sulx voor een Somma
van twee hondert guldens indische valuatie, renuntie-
,erende verlaaten van alle het regt en pretentie op
het selve, mits dat de Eijgenaar gehouden zij op sijn
eijgen Costen 't gemelde graft te laten openen en toe
te maken, blijvende hij daer en boven nog verpligt
tot de aanlegging en andere noodsakelijkheeden,
daar toe vereijscht werdende, gelijk alltoos in de
vaderlandse kerke gebruijkelijk is. ——
Actum in Kerkenraade Voorsz: den 18: Junij 1735.
Uijt naam en Last van Voornde
Kerkenraade
D. D'Ailly
Scriba
Dit bovengemd: graff wederom aen de heeren kerken
raed overgegeven, en de waerde daer van ten bedraege van twee hondert
guldens Hebbe valuatie van haar Edle ontfangen
Cabo de Goede Hoop den 14 Janny 1738.
Elizabeth Louw Weduwe van der
Schelde



**Maid of Dort – Type 1**
*Lion facing right*

The following is a literal translation of the document: '*Church Council at the Cape of Good Hope in accordance with their authority granted by the Honourable Commissioner Daniel Heijnsius, arising from the renovation of the church at its own expense, we grant in complete ownership and for the benefit of the Master Ship's carpenter Jelle Jellesz: van der Schelde, a certain grave situated in this church, being No. 91, 7 feet 2 inches long and 3 feet 2 inches wide, and that for a Sum of two hundred guilders Indian valuation, renouncing therefore all rights and pretensions to the same, providing that the Owner will be obliged to open and close the said grave at his own expense and moreover be held responsible for the upkeep and other requisite necessities, such as is the custom in the churches in the fatherland.*

*Done at the church council aforesaid the 18 June 1735*
*In the name and by order of the aforesaid Church Council*

*D: D'Ailly*
*Scribe*

*This above mentioned grave has been returned to the Church Council, and its value to the amount of Two hundred Cape guilders has been received from their Honours.*

*Cape of Good Hope 13 January 1738*
*Elisabeth Louw widow van der Scheldej'*

[The document is 33cm x 22 cm in size. The seal in red wax is of a woman holding a dove, with the words '*De Hoop en Beschaamt niet.*' The watermark is the Maid of Dort with the lion (facing right) of the United Provinces in a '*Hollandsche thuijn.'*

**Watermerk bo langs ander foto.**


Vertolking: Minder as drie jaar nadat Van der Schelde 'n graf onder die kerkvloer gekoop het (so-iets was moontlik 'n statusteken, maar ek het dit nog nie tevore as sulks teengekom nie) verkoop sy weduwee dit teen dieselfde prys terug aan die Kaaqpse Kerkraad. Is Van der Schelde op see oorlede en begrawe, of het die weduwee besluit dat hy net so eerbaar in die algemene kerkhof ('*Soldatenkerkhof*') anderkant die Buitengracht kan rus, omdat sy nou die geld meer nodig het as hy? (Red.)

**Wrak van die VOC-skip *Rooswijk***

Die uitvarende skip *Rooswijk* (850 ton, in 1737 op die Amsterdamse skeepswerf gebou vir Kamer Amsterdam) het saam met *Visch* en nog twee skepe op 8 Januarie 1740 uit Texel geseil. *Rooswijk* het die volgende dag op die Goodwin sandbank langs die kus van Kent vasgeloop en vergaan, en *Visch* op 6 Junie by Groenpunt, Kaapstad. Moderne duiktoerusting maak dit vir argeoloë moontlik om oorblyfsels van *Rooswijk* te berg en te bestudeer. Van *Rooswijk* se gebergde vrag is 'n kis met 'n honderd ryklik versierde ruitery sabels gevind. Wat sou die doel daarvan wees? My raaiskoot, by gebrek aan inligting, is dat vir die handel met Japan bestem was, moontlik as deel van die VOC se jaarlikse geskenk aan die Tokugawa *shogun* of keiser; sy *samurai* (soldate uit die ridderorde) was lief vir versierde wapens. Kyk die kort video op https://www.thetimes.co.uk/article/6925784e-2009-11ee-97d4-77262736e260?shareToken=3b688e9bc158b3227a68868570e2650a

**Buitepos Mauritius herbesoek**

In April en Mei 2023 het Helena, Jean en ek 'n geleentheid gehad om weer Mauritius te besoek, om te kyk hoe dit gaan met die oorblyfsels van die buitepos Mauritius (1638-1658, 1664-1709), een van drie oorsese VOC-buiteposte wat uit die Kaap bestuur is. In April 1986 het ek met inligting en kaarte uit die Haagse Argief koppe bymekaar gesit met M. Rogier Espitalier-Noël van die *Societe de l' Histoire de l' Ile Maurice,* met sy plaaslike kennis en ervaring, om te probeer bepaal presies waar, op die ruig begroeide suidooskus van Vieux Grand Port, die buitepos Mauritius destyds geleë was. [vgl D. Sleigh: *Die Buiteposte,* pp.678-679.]




Die eiland se historiese vereniging en historici van die pas gestigte Universiteit van Mauritius het daarna met hul regering oor die bewaring van die historiese oorblyfsels onderhandel. Met die steun van die Nederlandse regering en die Universiteit van Leiden is die besoek van Wijbrand van Warwijck se vloot van 1598 in September 1998 herdenk, onder andere met 'n driedaagse internasionale seminaar oor aspekte van die eiland se Nederlandse geskiedenis. (*sien amptelike plakkaat*)
Die jong Prins Frederik Hendrik van Nederland en sy vrou (op wittebrood) was destyds die ere-gaste. By die geleentheid is beloof dat Nederlandse argeoloë die terrein-opgrawings sou doen, en die eiland se regering het 'n nuwe museum beloof. Ons doel vanjaar was om te kyk of die regering hul woord gehou het om 'n Museum op die plek op te rig.

Die museum is daar, klein maar netjies en goed versorg. Die besoekersboek wys belangstelling uit alle wêrelddele. Die inligtingspanele is mooi maar hul inligting is min, vaag en oppervlakkig, en kan maklik verbeter word. Die argeologiese uitstallings is professioneel en puik. En merkwaardig: Op een van die inligtingspanele in die museum pryk 'n afdruk van ons Stigting se Silwer Medalje! (*sien foto onder*) Waarom? Wat doen dit daar? Hulle weet nie. Al te lank gelede.

Foto 1: Vieux Grand Port (kyk oos) Die buitepos was geleë op die strand aan die voet van Kattiesberg (*Mont de Lyon*).
Foto 2: Vieux Grand Port (kyk wes.) Hier het die hout kaai voor die buitepos gestaan.
Foto 3: Oorblyfsel van 'n muur (vulkaniese rots) voor die VOC- museum. Die Kattiesberg steek agter uit.
Foto 4: Mure van vulkaniese rots.
Foto 5: VOC-artefakte. Links in glaskas o.a. 'n dissel, 'n pik, *scheepsnagels* en koubeitel.
Foto 6: Regs in die glaskas, 'n wig en die bekende geel Ijselsteen of '*klinker,'* soos ook in die Kasteel se kloktoring gebruik is.
Foto 7: Heel links, voor die skeepsmodel, twee brons koppe van boothake.
Foto 8: Oorblyfsels, Chinese of Japanese porselein.
Foto 9: Afbeelding van ons Stigting se Silwer Medalje (heel onder).
Foto 10: Na 314 jaar is die VOC-vlag terug op Mauritius.

Foto's: Helena Scheffler en Jean Sleigh.


Foto 1:


Foto 2:


Foto 3


Foto 4:


Foto 5:


Foto 6:



Foto: 7



Foto: 8





Foto: 9



Foto: 10

’n Ander aspek van ‘Buitepos Mauritius herbesoek’ kom ook ter sprake. Ek vermoed dat ek in my destydse proefskrif onvoldoende aandag gegee het aan die twee Kaapse goewerneurs Van der Stel se moontlike aandeel in die verwaarlosing, ondergang en sluiting van die buitepos. ’n Nuwe ondersoek met die fokus op korrupsie, is daarvoor nodig.

**Twee regstellings**

In *Generale Missive 1/ 23* (‘*’n Nuwe resensie*’) het ek verkeerdelik genoem dat Prof. Gerrit Schutte se resensie van Jan Malan: *Die stranding van die VOC-skip Schoonenberg* oorspronklik in *De Telegraaf* verskyn het. Dit het verskyn in *Z-A Spectrum*.

Ons erelid M.van Bart het laat weet dat die elektroniese skakel na sy kommentaar op die fiksie-film *Krotoa* verander is. Klik vir sy artikel op die skakel: http://www.afrikanergeskiedenis.co.za/rolprent-belaster-jan-van-riebeeck-en-afrikaners/ , of kopieer die skakel en plaas dit in u soekmasjien.

Vrae en bydraes van al ons lede en u kommentaar op *Generale Missive* is altyd welkom.

*Behouwde vaert / Selamat jalan / Go well*

† D. Sleigh (Dr): Redakteur
Jean Sleigh/VOC Komitee: Tegnies
11 Augustus 2023